# KOMMUNIKAMMA 17 MEI 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 17 Mei**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Opregte liefde is hartlik
**Skriflesing:** Romeine 12:9-21

**16:30 AVONTUURWEEK BEPLANNINGS VERGADERING**

**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Feba Radio**

**Pinkster 2026**

Ons gaan hierdie week saam nadink oor wat opregte liefde is
Die opregte liefde is hartlik … dit skep graag ‘n warm atmosfeer!
Die opregte liefde is vergewensgesind … dit vergeef altyd eerste en ten spyte van!
Die opregte liefde is eerbiedig … dit laat ons duur en gesog voel!
Die opregte liefde is geesdriftig …. ons glo ons is God se geskenke aan mekaar!
Die opregte liefde is ruimhartig … jy mag maar wees wie jy is en ek mag maar wees wie ek is!
Die opregte liefde lag en huil saam … ek kan jou lewe nie verander nie, maar ek is saam met jou in die lewe!
Die opregte liefde is nederig … ek is sonder houding en jy is sonder vrees!
Die opregte liefde is respekvol intiem … ek vat en raak aan jou soos en wanneer jy daarvan hou en my toelaat!
Die opregte liefde help … my oë sien jou, my ore hoor jou, my hande help jou!
Die opregte liefde bid … ons is drie in die huwelik: ek, jy en God!
Die opregte liefde is ‘n duursame liefde!
Pinkster byeenkomste is om 10:00 by die saal van Kraggakamma Uitspanning en om 18:30 in Kraggakamma Gemeente se kerkgebou . Daar sal aan die einde van elke saamkuier in die aand vir elkeen ‘n heerlike warm koppie sop of broodjie wees.

Jy is onder geen verpligting om deel te neem nie, maar jy is genooi! Jy hoef nooit verskoning te maak nie. Jy hoef ook nie en mag ook nie skuldig voel nie. Kom met 'n oop en ontvanklike hart. Vat wat jy wil hê en los wat jy nie wil hê nie. Luister, oordink, onderskei en besluit.
Pinkstergebed:
O Heer U's wonderlik, my huis is oop vir U. Ek nooi U in, kom maak U tuis, U lei my deur u Woord.
O Heer U's wonderlik, my hart is oop vir U. Ek wil, ek sal, u stem nou hoor, U lei my deur u Woord.

**Maandag 18 Mei**
**10:00 PINKSTERDIENS BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**18:30 PINKSTERDIENS IN DIE KERKGEBOU**
**Tema:** Opregte liefde hou nie boek nie

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek 'n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Dinsdag 19 Mei**
**10:00 PINKSTERDIENS BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**
**18:30 PINKSTERDIENS IN DIE KERKGEBOU**
**Tema:** Opregte liefde is eerbiedig en geesdriftig

**Woensdag 20 Mei**
**10:00 PINKSTERDIENS BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**
**18:30 PINKSTERDIENS IN DIE KERKGEBOU**
**Tema:** Opregte liefde is saam en nederig in alles

**Donderdag 21 Mei**
**09:30 FONTEINVRIENDE**
Ons geniet 'n heerlike ontbyt in die kerksaal. Die wenner van die RSG se eerste beskuitkompetisie kom deel haar getuienis met ons.

**Vrydag 22 Mei**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 24 Mei**
**09:00 NAGMAAL. PINKSTER AFSLUITING.**
**Tema:** Opregte liefde bid en help

**GEBEDSAKE:**
- Dankie vir die reën. Ons dra almal wat skade gely het aan die Here op.
- Baie mense se herstel nadat hul in die hospitaal was of mediese prosedures ondergaan het.
- Families waar mense oorlede is of worstel met gesondheid krisisse.
- Morné en Mirandie Ferreira met die afsterwe van sy pa.
- Geleentheid vir kinders van Retief Skool om na skool by PE-Noord gemeente te eet en te studeer. Dat die Here sal voorsien sodat PE Noord vir die kinders kan sorg.
- Die voedselnood by MTR Smit kinderhuis en ander barmhartigheid organisasies a.g.v. die staatsubsidies wat nog nie oorbetaal is nie.

- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Dat die skietstaking die begin sal wees van langtermyn vrede.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Bid saam met gelowiges in **Mauritanië** – dat God hul troos in diepgaande eensaamheid, hul beskerming in voortdurende gevaar en hul bron van moed sal wees. Bid dat hul goeie dade inderdaad gesien sal word en goddelike geleenthede sal skep vir die saad van die evangelie om wortel te skiet.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Die Bybel kan moeilik wees om te verstaan vir iemand uit ’n Boeddhistiese agtergrond. FEBC Thailand streef daarna om diesulkes tegemoet te kom deur aanlyn-Bybelopleiding in ’n eenvoudige formaat wat vir gelowiges met ’n Boeddhistiese agtergrond ontwerp is. Studente van alle ouderdomme en lewensweë (selfs gevangenes) leer hoe om die Bybel oor basiese temas, soos verlossing en die Drie-eenheid, te raadpleeg. Bid dat studente van FEBC Thailand se Bybel-korrespondensiekursus God se Woord as lewend en kragtig in hul lewens sal leer ken.

**GETUIENIS GELEENTHEID**

Op Donderdag 28 Mei om 18:00 bied ViA ‘n aand van getuienis aan en nooi alle mans en dames uit na hierdie aand van geloof en hoop. Ons gaan luister na regte stories van God se goedheid, saam sing en bid vir mekaar. Toegang is gratis en daar sal koffie en koeksister wees na die diens. Pannekoek sal op bestelling beskikbaar wees ten bate van There4 Bedieninge teen R 8.00 elk.

Kontak asb. met Di. MG of Toit of Marisa (082 493 6258) indien jy ‘n getuienis wil lewer en die kerkkantoor indien jy pannekoek wil bestel.

**MTR SMIT KINDERHUIS**

Ons huis is die tuiste van 12 pragtige dogters, en ons probeer elke dogter se verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Ons is steeds opsoek na 5 persone, gesinne of groepe wat elk verantwoordelikheid sal aanvaar vir die hou van een verjaarsdag. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring. Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe by MTR Smit Kinderhuis wil bring, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak.

**KERMIS**

Ons kermis vind hierdie jaar op Saterdag 20 Junie plaas.
Lees meer oor hoe jy betrokke kan raak in die Kermis Koerant.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 17 Mei | Lehan Barnard, Johan Smit en Ester Strydom |
| 18 Mei | Ruan Botha en Marlize van der Merwe |
| 19 Mei | Lienke-Mari Buys, Ena Grobler, Johan Knoetze, Anlo Kruger, Jeandre Nortjé, Paul Smook, Marguerite Vermeulen en Louis von Wielligh |
| 20 Mei | Gert Harmse, Anlene Pretorius, Sune Smit en Elna Thiart |
| 21 Mei | Carien Blom, Rudi Burger, Leon de Jager, Nicole de Witt, Magda Landman, Alecia van der Westhuizen en Didi Venter |
| 22 Mei | Handre Janse van Rensburg, Marius Langenhoven en Brendon Slabbert |
| 23 Mei | AJ Botha, Frans Krause (jnr), Siobahn Moolman, Dossie Nortjé en Matthys Potgieter |

**RAMPFONDS VIR NOODTOESTANDE: OOS-KAAPLAND**

Gedurende die week van 5-8 Mei het verskeie gemeenskappe in die Oos-Kaap onder vloede deurgeloop.
Die Oos-Kaapse vloedramp is tot nasionale ramp verklaar.
Gegewe hierdie nood aktiveer ons Oos-Kaaplandse kerkverband ons rampfonds. Die doel hiermee is om gemeentes, lidmate en persone wat graag konkrete hulp wil verleen in staat te stel om 'n finansiële bydrae te maak.
Soos in die verlede, sal ons weer finansiële steun bied aan hulp-inisiatiewe deur gemeentes, landbouverenigings, betroubare nie-regeringsorganisasies en ander instansies met 'n bewese rekord van dienslewering.
Praktiese reëlings
Ons nooi gemeentes, lidmate en lede van die publiek uit om donasies in ons rampfonds in te betaal. Die rekening word geouditeer. Fondse staan onder die beheer van die Sinodale Kommissie en word in vennootskap met plaaslike gemeentes deur betroubare instansies aangewend.
Bankbesonderhede:
ABSA Lopende rekening
Rekeningnaam: NG Kerk Oos-Kaapland
Rekeningnommer: 290 581 192
Takkode: 632 005
Verwysing: "Rampfonds"
Dit is baie belangrik dat die korrekte verwysing op die inbetaling verskyn. Dit is hoe ons sisteem die inbetaling as 'n donasie vir die rampfonds toewys.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005